
# ONS TYD OM TE KIES




**'N STROKIESPRENT-BOEK VIR DIE OPLEIDING VAN KIESERS**

*Uitgegee deur **Matla Trust** namens die*
***Independent Forum for Electoral Education***

Beste Kieser,

Binnekort gaan ons land Suid-Afrika vir die eerste keer 'n demokratiese verkiesing hou. Alle Suid-Afrikaners bo die ouderdom van 18 jaar - swart of wit, jonk of oud, werker of kleinboer, man of vrou - sal kan besluit wie die regering van Suid-Afrika moet wees.

Die tyd het vir ons aangebreek om te kies. Om vryheid te kies en nie verdrukking nie, vrede en nie oorlog nie, gelykheid en nie apartheid nie.

Om 'n ingeligte keuse te maak, moet ons weet wat ons doen, wat ons kies en hoe om dit te doen. Hierdie strokiesprent-boek is maar een van die maniere waarop die *Matla Trust* en ander organisasies van die *Independent Forum for Electoral Education* (Onafhanklike Forum vir Kiesersopleiding) ons almal voorberei op die komende verkiesing.
Geniet dit, leer daaruit en deel dit met jou familie en vriende.


Billy Modise
Uitvoerende Direkteur, Matla Trust.


Hierdie strokiesprent-boek word uitgegee deur Matla Trust namens die Independent Forum for Electoral Education (IFEE). Die inhoud en formaat van die boek is nagesien deur die IFEE se Media-kommissie.
Lede-organisasies van die IFEE Media-kommissie is:
Akanani ◆ Applied Broadcasting Centre (ABC) ◆ Audio Waves ◆ Broadcast Monitoring Project Centre for Development Studies (CDS) ◆ Electronic Media in Education Forum (EME) ◆ Film and Allied Workers Organisation (FAWO) ◆ Free Market Foundation ◆ Institute for Contextual Theology (ICT) ◆ Institute for a Democratic Alternative for South Africa (IDASA) ◆ Institute for Multi-Party Democracy (MPD) ◆ Lawyers for Human Rights ◆ Matla Trust ◆ National Youth Development Co-ordinating Committee (NYDCC) ◆ Rural Research and Reporting Corporation South African Council of Churches (SACC) ◆ Speak Media Project ◆ The Storyteller Group
Young Women's Christian Association (YWCA).
*Hierdie publikasie word uitgegee met befondsing van die Kommissie van dieEuropese Gemeenskappe.*



| | |
|---|---|
| Saamgestel deur : | The Storyteller Group. |
| Navorsing, verhaal en teks : | Peter Esterhuysen, Elias Ngalo & Patricia Watson. |
| Storie-plan : | Michelle Ives. |
| Kuns : | Carlos Carvalho, Vusi Malindi & Justin Wells. |
| Vertalings : | Afrophone Translation Service. |



# LYS VAN KARAKTERS



**THEMBI**
Voorsitter van Unity naaldwerk kooperatief



**TSHEPO**
'n Skolier in standerd 9 by die plaaslike skool



**VADER AMOS**
'n Predikant by die plaaslike kerk



**MA THABO**
Die hoof van Progress stokvel en 'n invloedryke lid van die gemeenskap



**KARL, CHRIS & BONGI**
Werks-winkelfasiliteerders van kieseropvoeding

# HOOFSTUK 1



Een middag in 'n dorpie iewers in Suid-Afrika.
Sjoe, my rug is so seer! Ek hoop dit reën vanjaar. As dit nie reën nie, gaan ons kinders honger ly.
Ek glo dit sal reën, Ma.
Ek hoop ook so, maar dis nie die reën waarvoor ek wag nie. Hulle sê daar gaan 'n verkiesing wees.
Moenie met my praat van verkiesings nie, man. Hulle draai ons net 'n rat voor die oë!
Ek onthou nog toe ons hoofman ons die eerste keer na 'n kiesvergadering toe laat kom het.
Hy't ons aan iemand voorgestel en gesê: "Stem vir hierdie persoon, dan sal julle 'n beter lewe hê".
Ons het soveel hoop gehad. Almal het vir daardie persoon gestem.
Ga! Al wat verander het, was dat die hoofman 'n groot kar gekry het.
Nou noem ons die hoofman "Mnr Promises". Niemand doen eers meer die moeite om te stem nie.
Behalwe die pensioentrekkers. Hulle is bang hulle sal nie meer hul pensioene kry nie.
Die verkiesing waarvan ek praat sal 'n verskil maak. Dis nie maar net nog 'n tuisland-verkiesing nie.
Hierdie verkiesing is vir almal in Suid-Afrika.






Jy droom, mfana!
Nee Ma, dis die nuwe Suid-Afrika die.
Nuwe Suid-Afrika? Dit lyk vir my maar nes die ou Suid-Afrika.
Nee, baba, dinge is aan die verander. Deesdae kan jy 'n lid wees van die ANC of die PAC en jy word nie in die tronk gestop nie.
Ek het baie hoop gekry toe daardie organisasies se monde oopgemaak is. Maar niks het verander nie – die wittes regeer nog steeds.
En kyk wat het gebeur nadat daardie politieke organisasies ontban is. Julle jongmense het teen julle ouers begin draai en julle skole begin boikot.
Nou baklei ons almal met mekaar.
Ek wil niks te doen hê met 'n verkiesing nie – dit sal net meer probleme veroorsaak.
Ek dink nie dit sal enigiets verander as ons stem nie.
Ek kan nie glo julle mense praat so nie! Ons het so lank gely onder 'n wit regering.
Nou het ons uiteindelik die kans om vir ons eie regering te stem. Wil julle nou so 'n kans weggooi?


Tshepo is reg! Ons moet stem vir leiers wat weet hoe ons gely het. Leiers wat luister na ons pleite.
Ons het werk, water en beter onderwys nodig...
Ons droom al so lank van 'n beter lewe. Almal moet stem in hierdie verkiesing!
Ngwanaka, vertel vir my meer van hierdie verkiesing. Wanneer gaan dit gebeur?
Sal ons by die Stam-owerheid moet stem?
Moet ek 'n opbetaalde lid van 'n politieke party wees om te kan stem in die verkiesing?
Ek weet nie...
Julle vra 'n seun wat nog nooit gestem het nie, om vir julle van 'n verkiesing te vertel!
Mkhulu, ek het al vantevore gestem! By die skool het ons vir 'n Leerlingraad gestem deur ons hande op te steek.
Wil jy nou vir my sê al die mense in Suid-Afrika gaan hulle hande opsteek?
Wat van die mense wat nie hande het nie?
Luister, Tshepo, ons moet iemand vra om vir ons te kom vertel van die verkiesing.
Wie sal nou hiernatoe kom? Ons leiers doen nooit die moeite om met ons te kom praat nie.
Ons mense op die platteland word maar altyd in die duister gelaat.




Later.
Hulle is reg! Niemand gee om vir ons mense op die platteland nie.
Hei! Hoekom gaan praat ons nie met Vader Amos nie? Miskien kan hy ons help.
Hulle gaan besoek Vader Amos by sy huis.
So, Vader Amos, het u gehoor van hierdie groot verkiesing wat gaan kom?
Ja, suster. Ek het laasweek na 'n vergadering toe gegaan van al die kerke waar ons oor die nasionale verkiesing gepraat het.
Ek gaan Sondag preek oor die verkiesing. Ons kerk gaan almal vra om te stem.
Maar dominee, die kerk moet uit die politiek uit bly!
Die kerk ondersteun nie 'n spesifieke politieke party nie. Ons laat hoor net ons stem teen diegene wat mense onderdruk en mense lyding veroorsaak.
Ons glo 'n verkiesing sal 'n einde maak aan apartheid en regverdigheid bring na ons land.
Vader, die mense in die gemeenskap moet leer hoe om te stem. Kan u hulle leer?
My suster, ek het self nog nooit gestem nie.
Maar ek sal probeer om vir jou meer inligting te kry oor hoe om te stem.



HOOFSTUK 2
'n Paar weke later besoek MaThabo vir Thembi by die Unity naaldwerk koöperatief.
Sisi, het jy al enigiets meer gehoor oor die verkiesing?
Een van die mans het gese hy't iets oor die TV gesien in die kroeg.
Hy't gesê op stemdag sal daar groot bottels bier uit die lug uit val.
Ag, hy was seker dronk!
Mnganiwam', ons het gister by ons stokvel vergadering oor die verkiesing gepraat. Almal was baie deurmekaar.
Hier's 'n klant.
O, dis Vader Amos.
San'bonani bantwabam'. Ek het nuus vir julle!
Thembi, nadat julle by my was, het ek aan ons kerk se hooftak in die stad geskryf. Ek het vir hulle gevra om vir ons inligting te stuur oor hoe om te stem.
Ek's bly, Vader. Ons het almal baie vrae gevra oor die verkiesing, maar dit lyk my niemand weet iets nie.
Ek het net vandag die antwoord gekry.
"Ons is bly om te kan sê dat daar 'n kiesersopvoeding werkswinkel in u streek gehou gaan word oor die naweek van die 24e."




Die organiseerdes het ons kerk gevra om verteenwoordigers te stuur.
Dis goed, Vader. Kan u gaan?
Ek kan nie gaan nie, want ek moet daardie naweek mense doop. Thembi, ek dink jy moet gaan.
Ek sal graag wil gaan, maar...
Thembi, jy moet gaan!
Kyk, die brief sê al die afgevaardiges moet vir hul eie vervoer betaal. Maar ek het nie genoeg geld nie.
Ntombi, ek sal met die lede van my stokvel praat. Miskien kan ons help om die geld vir jou vervoer bymekaar te maak.
Dink u hulle sal instem?
Hoekom nie? Opvoeding is belangrik. En die lede van Progress se hulle wil meer van stemmery leer.
Die kerk kan ook help.
Aiyi! Die jongmense is aan die toyi-toyi!
Dis oraait, gogo, daar sal nie moeilikheid wees nie. Ek het vir Tshepo die brief gewys. Hy het gesê hy gaan met die jeug praat oor die bywoning van hierdie kiesersopvoeding werkswinkel.
Hy wou gehad het hulle moet sy geld vir die taxi help betaal.
Daardie seun sal nog ver kom!


Vier weke later is Thembi en Tshepo op pad na die kiesersopvoeding werkswinkel toe.
And now we have a say... Let's go for a better, brighter day!
Nou is dit julle kans om 'n einde te maak aan die ongelykhede van die verlede... Nou is dit julle kans om te stem vir 'n regering van jou eie keuse...
Luister! Iemand is besig om op die radio te praat oor die verkiesing.
Drywer, draai asseblief die radio 'n bietjie harder.
Dis nie die radio wat speel nie. Ek speel 'n kasset oor die verkiesing.
Hulle luister almal na die kasset.
Watter verkiesing? Toe hulle gesê het die politieke partye is nie meer verbied nie, het ons almal gesing Mandela sal oorneem van De Klerk. Maar De Klerk is nog steeds aan bewind.
Ja, niks het gebeur sedert die politieke organisasies ontban is. Al wat gebeur het, is dat die geweld toegeneem het.
Dis nie waar dat niks verander het van Februarie 1990 af nie. Die regering en die verskillende partye het begin onderhandel...
Ons leiers het die stryd uitverkoop met al hulle gepraat!
Hulle het nie uit verkoop nie. Die stryd duur voort... maar nou gebeur dit om die onderhandelingstafel.




Wie het hierdie verkiesing uitgeroep - die regering? Ek dink dis maar net nog een van De Klerk se streke!
PETROL
Nee, mfana, daar is by Kodesa op die verkiesing besluit.
Kodesa? Ek het op TV gehoor hulle praat van Kodesa. Maar ek was nie seker waaroor dit gaan nie.
Sisi, Kodesa is 'n dans - ons doen dit in die township.
Nee, Kodesa is die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika.
Kodesa is die naam wat gegee is aan die eerste veelparty-onderhandelings tussen die regering, die ANC en Inkatha...
En sestien ander partye.
Ek't gedink dis wonderlik toe al daardie verskillende organisasies saam gaan sit!
Ja, daar het baie belangrike dinge uit Kodesa uitgekom. Die partye het die fondemente gele vir verdere onderhandeling en vir 'n nie-rassige verkiesing.
Ga! Waar het al die onderhandeling ons gebring? Kyk, hulle kan nie eers die moordbendes stop nie. En meer en meer mense verloor hul werk.
Onderhandeling is 'n stadige proses...
Want dis belangrik dat al die partye betrokke is by elke stap in die beplanning van die verkiesing.


Ek vertrou nie die polisie en die weermag nie.
Daar sal 'n soort gesamentlike beheer oor die polisie en die weermag moet wees - miskien onder 'n oorgangsregering.
Wat is 'n oorgangsregering?
Dis 'n liggaam wat saamgestel word uit verskillende partye. Die oorgangsregering sal die land help bestuur totdat die nuwe regering verkies word.
Ons sal 'n neutrale polisie en weermag nodig hê om seker te maak dat almal veilig is op stemdag.
Wat van die radio en televisie? Almal weet die SAUK is die mondstuk van die Nasionale Party.
Moenie bekommerd wees nie. Daar word stappe gedoen om seker te maak dat die SAUK die standpunte van al die partye weergee.
Die SAUK sal ook kiesersopvoeding programme uitsaai wat deur onafhanklike organisasies gemaak is.
Ek moet uitvind wanneer hierdie programme uitgesaai gaan word.
...Let's build a better world.
Dinge gaan regtig gebeur vanjaar!




HOOFSTUK 3
Die volgende oggend begin die kiesersopvoeding werkswinkel.
Hello.
More.
Goeiemore, almal. My naam is Bongi. Ek wil julle graag voorstel aan my mede-fasiliteerders, Karl en Chris.
Die doel van hierdie werkswinkel is om julle te leer van verkiesings en hoe om te stem. Sodat julle weer die mense in julle gemeenskappe kan leer.
Soos julle weet, gaan Suid-Afrika binnekort 'n nie-rassige, demokratiese verkiesing hou. Vir baie van ons sal dit die eerste keer wees dat ons stem in 'n nasionale, algemene verkiesing.
Ons mense het kiesrsopvoeding nodig sodat hulle met vertroue kan stem.
Die regering sal net verteenwoordigend wees as almal deelneem.
Baie organisasies werk saam om die verkiesingswette op te stel. Die verkiesingswette sal bepaal wanneer die verkiesing gehou sal word, wie in beheer sal wees daarvan, hoe kiesers kan registreer, ensovoorts.
Bongi, moet ons wag totdat al die besonderhede uitgewerk is voordat ons mense kan leer oor kiesersopvoeding?
Nee. Die tyd raak min. Ons moet onsself en ons mense voorberei vir die verkiesing.


Wie sal kan stem in die verkiesing?
Dis 'n goeie vraag. Kyk na hierdie plakkaat.
Vertel vir my van die mense op die plakkaat.
Daar is jongmense
Oumense
Swartmense
Witmense
Mense van die stad en van die platteland
Mans en vrouens
Al hierdie mense sal kan stem in die verkiesing. ALMAL wat agtien jaar of ouer en 'n burger van Suid-Afrika is, kan stem in die verkiesing.
Wat van die mense in die onafhanklike tuislande?
Mense in Ciskei, Transkei, Venda en Bophuthatswana sal ook kan stem in die verkiesing.




Die mense op die plakkaat hou identiteitsboeke vas. Beteken dit jy kan net stem as jy 'n ID-boek het?
Jy sal 'n soort ID-dokument moet hê om te bewys dat jy agtien jaar of ouer is en dat jy 'n burger van Suid-Afrika is.
Die partye wat die verkiesingswette opstel, mag dalk besluit om kieserskaarte uit te reik aan mense wat nie identiteitsdokumente het nie.
Maar die veiligste is om so gou moontlik 'n ID-boek te kry.
My ma wag al maande lank vir 'n ID-boek. Die regering sal tyd mors omdat hulle wil hê net witmense moet stem.
Die Departement van Binnelandse Sake se hulle werk hard om mense se ID-boeke uit te reik.
Maar ons moet seker maak dat ons genoeg van 'n bohaai maak sodat almal hul ID-boeke kry voor stemdag.
As jy vir 'n ID aansoek gedoen het en jy het 'n probleem, kan jy na die Black Sash of na jou naaste advieskantoor gaan. Hulle sal jou help.
Die plakkaat wys nie mense in die hospitaal of in die tronk nie. Sal hulle kan stem?
Mense in die hospitaal sal kan stem, maar ons is nie seker oor mense in die tronk nie.
My vriend is 'n kontrakwerker van Malawi. Sal hy kan stem?
Ons weet nog nie...
Maar gewoonlik kan jy net 'n ID-boek kry as jy in Suid-Afrika gebore is, of as jy kan bewys dat jy vir vyf jaar in Suid-Afrika gewoon of gewerk het, of as jy getroud is met 'n Suid-Afrikaanse burger.



Hier is die volgende plakkaat. Dit wys mense wat stem op verkiesingsdag.
Die plakkaat wys mense by 'n skool. Beteken dit dat ons by skole gaan stem?
Die plek waar jy stem, word 'n stemlokaal genoem. Skole, kerke, gemeenskapsale, tente - dit kan alles stemlokale wees.
Sal ons ver moet reis om te gaan stem?
Nee, elke gemeenskap sal waarskynlik sy eie stemlokaal hê.
Die mense op daardie plakkaat lyk te gelukkig. Dis Suid-Afrika hierdie. Party mense sal baie bang wees op stemdag.
Ek voorspel dat daar baie geweld en intimidasie op stemdag gaan wees. Partye sal kom sê: "Stem vir ons, anders brand ons jou huis af."
Dit gebeur al klaar.
Ja, en dan sal die regering sê: "Stem vir ons, anders verloor jy jou werk."
As daar vir ons land 'n toekoms is, is dit belangrik dat die verkiesing vry en regverdig is...






Wat bedoel jy met 'n vrye en regverdige verkiesing?
'n Verkiesing is vry as almal kan stem vir die party van hul keuse sonder intimidasie of omkopery.
REGVERDIG:
1. Almal moet kan stem.
2. Die media moet onpartydig wees.
3. Alle politieke partye het die reg om vrylik veldtogte te voer.
4. Die stemme moet reg getel word.
5. Die uitslag van die verkiesing moet gou bekendgemaak word.
Ook die manier waarop die verkiesing gehou word, moet regverdig wees.
Sal die hoofmanne verstaan van vrye en regverdige verkiesings?
Ja, en wat van die skollies wat ons ma's laat olie drink?
En wat van die boere?
En die moordbendes?
Ek het nie baie hoop nie. Wie sal intimidasie kan keer? Niemand kan nog die moorde keer nie.
Ons het in die taxi gehoor dat 'n oorgangsregering wat bestaan uit al die partye, beheer sal oorneem oor die polisie en die weermag voor die verkiesing. Miskien sal dit help.
Ja. En al die partye sal 'n gedragskode onderteken. In die kode sal hulle belowe om nie mense te intimideer of vergaderings te ontwrig nie.
Ondersteuners van politieke partye moet besef dat ander partye die reg het om hul politieke werk te doen.
Die taak berus by ons, die mense van Suid-Afrika. Ons moet verdraagsaam wees teenoor ander mense se standpunte.


HOOFSTUK 4
Die volgende plakkaat wys hoe ons op stemdag sal stem.
Soos julle kan sien, is die vrou alleen in 'n private plek. Hierdie plek word 'n stemhokkie genoem.
Sy maak 'n kruisie in die leë spasie langs die party van haar keuse.
In my dorpie het ons gewoonlik gestem deur na die prente van die kandidate te wys. Dan het die klerk dit neergeskryf.
In my tuisland het ons gestem deur die kandidaat se naam uit te roep, en dan het die klerk dit neergeskryf.
Partykeer het daardie klerke nie eers die naam van die persoon wat jy gekies het, neergeskryf nie.
In die tuisland-verkiesings het almal geweet vir wie jy stem.
Wel, in hierdie verkiesing sal jou stem jou geheim wees! Niemand sal weet vir wie jy stem nie.




'n Geheime stem help om te verseker dat die verkiesing vry en regverdig is.
Dit maak nie saak as enigiemand - boere, eggenote, hoofmanne, werkgewers, uislandleiers, die jeug - jou probeer vertel vir wie om te stem nie.
Jy kan maar sommer sê jy sal vir hulle party stem, maar as jy alleen is in die stemhokkie, stem jy vir wie jy wil.
Ons noem die stukkie papier waarop jy stem, die stembrief.
Moet ons ons name op die stembrief skryf?
Nee. Jy maak net 'n kruisie in die oop spasie langs die party vir wie jy wil kies.
Hoekom maak jy 'n kruis?
Dis omdat 'n kruis maklik is om te sien en neer te skryf.
Maar wat van die mense wat glad nie kan lees of skryf nie? Hoe gaan hulle stem?
BREAD PARTY BP
ELEPHANT PARTY EP
FISH PARTY FP
GOAT CONGRESS GC
MAIZE CONGRESS MC
OSTRICH PARTY OP
OX CONGRESS OC
SHEEP CONGRESS SC
TREE PARTY TP
ZEBRA PARTY ZP
Mense wat nie kan lees of skryf nie, moet ook kan stem. Ons moet hulle leer om die name en simbole van die partye te herken, asook hoe om die kruis te maak
Kan u vir ons voorbeelde gee van die stembriewe?
Ja, julle kan dit gebruik om die mense in jul gemeenskap te leer stem.


Sal daar op stemdag iemand wees om die mense te help wat nie kan lees of skryf nie?
Ja, daar sal verkiesingsbeamptes wees wat die mense help wat nie kan lees of skryf nie.
Maar dit sal teen die wet wees vir die beamptes om vir die mense te sê vir wie hulle moet stem.
Nadat jy gestem het, moet jy die stembrief toevou.
En dit binne-in hierdie houer sit.
Die houer word 'n stembus genoem.
Ons het nou lank genoeg gepraat. Dis tyd dat ons oefen wat ons geleer het.
Die mense by die werkswinkel vir kiesersopvoeding breek in kleiner groepies op en oefen tot middagete hoe om te stem .
Vir wie stem jy?
Gaan weg! My stem is my geheim.




Omdat hierdie maar net 'n oefening is, kan ons die stembus oopmaak om te sien of almal op die regte manier gestem het.
O gaats! Hierdie persoon het 'n fout gemaak en sommer vir twee partye gestem.
Miskien het hy gedink die twee partye sal goed saamwerk!
En hierdie persoon het 'n regmerkie gemaak in plaas van 'n kruisie.
En hierdie persoon het so 'n groot kruis gemaak, dit lyk asof hy of sy vir drie partye gestem het!
Dié persoon het 'n kruisie doodgetrek en toe vir 'n ander party gestem.
Onthou, as jy eers jou merk gemaak het, kan jy dit nie verander nie.
Dis hoekom ons moet oefen hoe om te stem en moet weet vir wie ons gaan stem vóór stemdag.
Maar wat as ek 'n fout maak op my stembrief en dit nog steeds in die stembus gooi?
As jy op die verkeerde manier gestem het, soos hierdie mense, is jou stembrief bederf. Dan word jou stem nie getel nie.



Na middagete kyk almal na die Matla Trust se keisersopvoeding toneel .
As ek die naam sien van die party wat ek haat, moet ek dit doodkrap?
VOTING BOOTH
Nee, nee, nee. Dis 'n bedorwe brief, 'n bedorwe brief.
As ek 'n fout op die stembrief sien, moet ek dit regmaak?
OSTRICH PA
OX CONGRE
SHEEP CO
Nee, nee, nee. Dis 'n bedorwe brief, 'n bedorwe brief.
Ken die naam van die party vir wie jy wil stem.
BALLOT-BOX
Maak 'n kruis langs die party vir wie jy wil stem.
VOTING BOOTH
BALLOT-PAPER
BREAD PARTY
ELEPHANT PARTY
Ek leer vandag so baie!
Ek ook. Ons het baie om vir die mense in ons gemeenskap te vertel wanneer ons teruggaan.







HOOFSTUK 5
Die volgende oggend.
Kom ons kyk nou wat gebeur in die stemlokaal wanneer julle gaan stem.
EXIT
As jy by die stemlokaal instap, moet jy jou identiteitsdokument aan die kiesbeampte wys. Sy sal dit tjap.
Is daardie beampte van die polisie?
Nee. Die beamptes sal gewone mense wees wat opgelei word om te help op stemdag.
Elke stemlokaal sal ook 'n beampte hê wat in beheer is van daardie lokaal.
Alle beamptes moet belowe om 'n gedragskode te gehoorsaam.
Daar sal ook mense by die stemlokaal wees wat die hele proses dophou. Die mense word monitors genoem. Hulle sal seker maak dat die verkiesing vry en regverdig is.
Waar sal die monitors vandaan kom?
Gewone burgers sal opgelei word om as plaaslike, onafhanklike monitors op te tree. Die politieke partye sal ook hul eie monitors hê.
En daar sal ook monitors van internasionale organisasies wees.
Sjoe, nou voel ek meer op my gemak oor die verkiesing. Niemand kan verneuk met al die monitors nie.


Nadat jy jou ID gewys het, sit jy jou hand in hierdie boks. Die boks kyk of jy nie al vantevore gestem het nie.
Dan sit 'n beampte onsigbare ink op jou hand met 'n spons.
Hoekom sit hy ink op jou hand?
Die ink verhoed mense om meer as een keer te stem.
Die ink is skadeloos. Jy kan nie die ink met die blote oog sien nie. Maar daar is 'n spesiale, infrarooi lig in daardie boks wat maak dat jy die ink kan sien.
Wat gebeur as iemand twee keer probeer stem?
Hulle sal weggewys word.
Hoe lank bly die ink op ons hande?
Omtrent sewe dae lank.
Nadat jou hand met die ink gemerk is, gaan jy na die beampte wat vir jou 'n stembriefie gee. Wat gebeur dan?
Dan gaan jy in die stemhokkie in en stem vir die party van jou keuse.
En dan vou jy jou stembriefie en gooi dit in die stembus.
Let op dat die stembus gesluit is. Niemand kan dit oopmaak terwyl die verkiesing aan die gang is nie.
Hoe weet ons iemand het nie stembriewe in die stembus gesit voordat ons begin stem het nie?
Die beampte by die stemlokaal maak die stembus voor al die monitors oop voordat die stemmery begin. Dan sluit en verseel hy die stembus.
Wat word na die verkiesing aan die stembusse?
Die stembusse word oopgemaak en die stemme word getel voor die monitors.
Die stemme word twee keer getel om seker te maak dat daar nie 'n fout kan wees nie.




Die party wat gewen het, word oor die radio en TV aangekondig nadat al die stemme dwarsoor die land getel is.
Sal daardie party dan die nuwe regering wees?
Hierdie verkiesing sal nie 'n nuwe regering verkies nie. Die doel van hierdie verkiesing is om 'n grondwetgewende vergadering te verkies wat bestaan uit verskillende politieke partye.
Die partye wat die meeste stemme kry in die verkiesing, sal die meeste setels he in die grondwetgewende vergadering.
Wat van die partye wat minder stemme kry?
Hulle sal verteenwoordiges in parlement setels kry in verhouding tot die aantal stemme wat hulle in die verkiesing gekry het.
Wie sal my party kies om in die grondwetgewende vergadering te sit?
Voor die verkiesing sal elke party 'n lys kandidate aankondig. Die eerste tien mense op jou party se lys sal in die grondwet-gewende vergadering sit.
Wat gaan die grondwetgewende vergadering doen?
Hulle gaan 'n nuwe grondwet opstel.
'n Grondwet is 'n stel reëls wat sal bepaal hoe Suid-Afrika regeer moet word.
Die partye wat die meeste setels kry, het 'n grooter sê oor hoe die nuwe grondwet moet lyk.



Daardie aand.
Ons het so lank baklei vir ons regte. Dit sal verskriklik wees as ons die verkiesing moet verloor omdat ons mense nie weet hoe om te stem nie.
Ek is vol vertroue dat my party gaan wen.
Wat sal jy doen as jou party verloor?
Dan gaan ons terug na die gewapende stryd.
Tshepo, dis nie die demokratiese manier nie.
In 'n demokrasie moet almal die uitslag van 'n vrye en regverdige verkiesing aanvaar.
Sê my, wat beteken die woord "demokrasie"?
Demokrasie beteken vele dinge vir vele mense.
DEMOKRASIE
Die meeste mense glo demokrasie is 'n regering wat saamgestel word uit die mense, verkies word deur die mense, en werk vir die mense.
In 'n demokrasie neem mense deel aan die besluite wat hulle lewens raak.
Ja, die mense kan 'n regering verkies wat hul belange verteen-woordig en wat vir hulle werk.
Maar almal deel nie dieselfde idees oor hoe die land bestuur moet word nie.
Natuurlik nie. Dis hoekom die meerderheid heers in 'n demokrasie. Maar die regte van die mense wie se leiers nie inkom nie, moet ook eerbiedig word.




In party lande in Afrika het die regerings hul opposisie-partye verbied nadat hulle aan bewind gekom het.
Daardie lande was nie demokrasieë nie.
As 'n land 'n demokrasie is, moet die opposisiepartye toegelaat word om setels in die parlement te hê.
Hulle moet die regering kan kritiseer en die regering kan vrae vra oor wat hulle doen.
En, die belangrikste van als, daar moet elke vier of vyf jaar vrye en regverdige nasionale verkiesings wees.
As die regering nie sy beloftes hou nie, sal ons vir 'n nuwe regering kan stem.
Maar hoe kan ons verhoed dat die regering alle verdere verkiesings kanselleer?
Ons moet onsself organiseer. Ons het sterk civics, vakbonde en ander gemeenskapsorganisasies nodig.
Ja, ons moet almal saamwerk om die nuwe regering verantwoordbaar te maak aan die mense.
Daar lê nog 'n lang pad voor.
Ja, demokrasie beteken dat almal hard moet werk en verantwoordelik moet optree.
Maar ons sal uiteindelik al die pyn en lyding wat deur apartheid veroorsaak is, kan afskud.


HOOFSTUK 6
Na die werkswinkel.
Avoid the bullet use the ballot... Vote for a better nation.
Ou maat, ons beter gou-gou 'n werkswinkel hou om ons kiesers op te voed. Die tyd raak min.
Ja.maar ek moet eers aan die jeug terugrapporteer...
Ja, ek moet ook vergader saam met die lede van die Progress stokvel en die vrouens by die Unity kooperatief.
Kom ons hou die werkswinkel oor twee weke. Ons kan deur die week bymekaarkom om dit te beplan.
Ek's bly ons het hierdie stembusse en stembriewe om te gebruik.
En die plakkate sal die mense aan die praat kry.
Waar sal ons die werkswinkel hou?
Kom ons vra vir Vader Amos of ons die kerksaal kan gebruik.
Kyk! Die mense hou 'n optog. Iets moes gebeur het.
Oscar Manaka en John Dube is Sondag doodgeskiet op pad na 'n Vredeskomitee vergadering toe. Niemand weet wie dit gedoen het nie.
Ek kan dit nie glo nie!




Die volgende dag besoek Thembi en Tshepo vir Vader Amos.
Bantwabam', dit was 'n tragiese naweek die.
Ja, Vader, ons het gehoor van die moorde.
Het julle baie kennis teruggebring om met ons te deel?
Ons was van plan om oor twee weke 'n werkswinkel te hou. Maar nou...
Dis tydmors om mense te leer oor 'n verkiesing. Daar's geen hoop vir die land nie!
Nee, my kinders. Ons moet aanhou om hard te werk vir vrede en geregtigheid.
Ons moet nie tou opgooi teen die magte wat teen demokrasie gekant is nie.
Die volgende week hou Thembi 'n vergadering met die lede van Unity koöperatief en van Progress stokvel.
Ons kan nie tyd verspil nie. Ons moet almal leer hoe om te stem op 'n verantwoordlike en ingeligte basis.
Maar Thembi, ons mans kan ons probleme gee. Hulle sal vir ons se vir wie ons moet stem.
Moenie bekommerd wees nie, tante. Jou stem is jou geheim. Niemand sal weet vir wie jy stem nie.
Ja, se maar sommer jy sal vir hulle party stem, maar dan stem jy vir wie jou wil.
Wel, moet dit nie vir ons mans sê nie, anders sal hulle ons glad nie toelaat om te stem nie.
Dis elkeen se reg om te stem in die verkiesing.


As ons vrouens stem, hoe kan ons seker wees dat die nuwe regering na ons behoeftes sal kyk?
Tante, baie vroue-organisasies het bymekaargekom om seker te maak dat die regering sal luister na vrousake en hulle behoeftes.
Hierdie organisasies is besig om 'n Handves vir Vroue op te stel.
Wat is hierdie Handves vir Vroue?
Dis 'n dokument wat gelyke regte vir alle vroue eis.
Die dokument sal oorhandig word aan die grondwetgewende vergadering, wat besluit hoe die land regeer gaan word.
Ons plaaslike vrouegroepe moet betrokke raak. Ons stemme moet ook gehoor word.
Thembi nooi al die vrouens uit na die kiesers-opvoeding werkswinkel wat oor twee weke by die kerksaal gehou gaan word.
'n Week later hou Tshepo 'n vergadering met die jeug.
Moenie met ons kom praat oor 'n verkiesing nie. Sê eerder vir ons wie het ons vriende vermoor!
Al hierdie pratery bring ons nêrens nie. Dis tyd om terug te veg.
Kan julle nie sien dat die magte wat ons mense doodmaak, teen demokrasie gekant is?
Ja, hulle is bang om aan 'n verkiesing deel te neem, want hulle weet hulle kan nie wen nie.
Ons het so lank geveg vir die kans om ons land te regeer. Ons kan nie nou moed opgee nie.
Uiteindelik stem die jongmense saam dat kiesers-opvoeding belangrik is.




Twee weke later hou Tshepo en Thembi 'n werkswinkel vir kiesersopvoeding in die kerksaal.
Moenie julle kans verspeel nie. Maak seker dat julle weet hoe om te stem voordat dit by stemdag kom. En wanneer julle stem, stem met vreugde. Ons het werklik 'n oorwinning behaal.
POLLING STATION
Alle Suid-Afrikaanse burgers van agtien jaar en ouer sal kan stem.
IDENTITEITSDOKUMENT
IDENTITY DOCUMENT
Moenie wag nie. Doen sommer nou aansoek vir 'n ID-boek.
Jou stem is jou geheim. Niemand sal weet vir wie jy gestem het nie.
Maak 'n kruisie in die oop spasie langs die party van jou keuse.
Nou weet ek, ek sal stem voordat ek doodgaan. Ek gaan nie vir myself stem nie, maar vir my kindskinders. Sodat hulle nooit weer onder iets soos Apartheid hoef te ly nie.


Thembi en Tshepo se kiesersopvoeding werkswinkel by die kerksaal is 'n groot sukses. Van toe af praat almal in die gemeenskap oor die komende verkiesing.
'n Paar maande later.
Is dit waar dat verskillende politieke partye in die volgende maande sprekers hier na ons toe gaan stuur?
Ja. Ek hoop net al die sprekers gaan veilig wees.
Moenie bekommerd wees nie, Ma. Ons jongmense sal seker maak dat hulle almal veilig is – selfs ons teenstanders.
Ag nee tog! Ons kan nie toelaat dat ons vyande hier kom praat nie! Nie na alles wat hulle aan ons gedoen het nie!
Mfo, moenie soos hulle word nie. Ons gemeenskap het die reg om almal se standpunte te hoor. Anders sal hierdie verkiesing nie demokraties wees nie.
Ek het die leiers van al die politieke partye oor die radio hoor praat. Hulle het baie beloftes gemaak.
Ja, ek het al hulle beloftes in die koerant gelees. Hulle klink almal dieselfde.
Wat ek wil weet, is dit: Hoe gaan hierdie partye hulle beloftes uitvoer?
En is hulle regtig verbind tot 'n demokratiese land met gelyke regte vir almal?




Woorde, woorde, woorde! Ek dink ons moet kyk na wat elke party in die verlede gesê en gedoen het.
Dit sal vir ons wys watter soort party dit is.
Ja, kan 'n jakkals van kleur verander?
Hierdie sprekers beter hulle huiswerk goed doen. Ek het 'n klompie moeilike vrae vir hulle.
Ons praat te veel. Dis tyd om te werk.
Om te dink ses maande gelede het ons nie eers geweet hoe om te stem nie!
Nou dat ons die kennis het, is dit makliker om uit te praat.
Niemand sal ons ooit weer stilmaak nie!

# OP STEMDAG

## Waarvoor gaan ek stem op die stemdag?

Op die stemdag gaan ons stem vir 'n grondwetgewende vergadering. Die vergadering sal 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika opstel, wat sal bepaal op watter manier ons land regeer word. Die **grondwetgewende vergadering** sal dan die nuwe **demokratiese regering** word wat die land sal regeer tot die volgende verkiesing.

Die grondwetgewende vergadering sal gekies word volgens die prosedure wat bekendstaan as **proporsionele verteenwoordiging**.
Proporsionele verteenwoordiging beteken:

- Kiesers sal stem vir politieke partye.
- Elke politieke party sal 'n lys van party-kandidate opstel. Die kandidate se name sal volgens voorkeur in volgorde op die lys geplaas word.
- Elke party sal 'n sekere getal stemme moet kry voordat hulle 'n kandidaat na die grondwetgewende vergadering kan stuur.
- Die aantal kandidate wat enige party na die grondwetgewende vergadering stuur, sal afhang van die aantal stemme wat daardie party in die verkiesing kry.

## Wat sal ek nodig hê om te kan stem?

Jy sal 'n vorm van identiteitbewys nodig hê om toegelaat te word om op die stemdag te stem. Die beste vorm van identiteitbewys is 'n identiteitsdokument (ID). 'n **Identiteitsdokument** is 'n klein boekie wat bewys hoe oud jy is en dat jy 'n Suid-Afrikaanse burger is.

**BLACK SASH**

As jy enige probleme het om jou ID te kry, kan jy een van die volgende Black Sash advieskantore kontak:

**Albany Region**
Tel: (0461) 28-091
**Border Region**
Tel: (0431) 439-206
**Eastern Cape**
Tel: (041) 546-274/5


**Western Cape**
Tel: (021) 685-3513/4
**Knysna Region**
Tel: (0445) 24458
**Natal Coastal Region**
Tel: (031) 301-9215

**Natal Midlands**
Tel: (0331) 426-368
**Northern Transvaal**
Tel: (012) 322-3969
**PWV Region**
Tel: (011) 834-8372



# HOE OM 'N IDENTITEITSDOKUMENT TE KRY

**1** Gaan na die Binnelandse Sake-kantoor wat die naaste aan jou woonplek is.





**2** Jy sal tussen R6 en R8 nodig hê om vir jou foto's en jou ID te betaal. Neem jou bewysboek saam OF jou geboortesertifikaat.



**3** As jy nie 'n geboortesertifikaat het nie, kan jy enigeen van die volgende dokumente saamneem:

- doopsertifikaat
- kliniek-kaart
- brief van skool
- huispermit
- brief van hoofman
- brief van plaaseienaar

**4** By die Binnelandse Sake-kantoor vra jy 'n aansoekvorm vir 'n ID. Vul die vorm in. Betaal die klerk R3 vir die ID. Jy sal 'n kwitansie kry.




**5** Vat die kwitansie en vorm na 'n ander klerk. Hierdie klerk sal jou sê wanneer jou ID gereed sal wees.



**6** Gaan na 'n ander klerk, wat jou vingerafdrukke sal neem vir jou ID.



# WOORDELYS

AANSPREEKLIKHEID VAN DIE REGERING : beteken die regering moet sy optrede en beleid verduidelik en regverdig aan die mense.

BEDORWE STEMBRIEF: is 'n stembrief wat verkeerd gemerk is en nie getel sal word nie.

DEMOKRASIE: is 'n stelsel van regering waarin die wil van die mense die belangrikste is.

GEHEIMSTEMMING : beteken jou stem is geheim. Niemand sal weet vir wie jy op die stemdag stem nie.

KODESA: staan vir die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika, die naam wat gegee is aan die eerste onderhandelingsliggaam van politieke partye.

ONDERHANDELING: is 'n proses waarin jy met jou teenstander gesels om julle verskille op te los.

PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING: is 'n verkiesingsprosedure waarin die aantal stemme wat 'n party in 'n verkiesing ontvang bepaal hoeveel kandidate die party na die grondwetgewende vergadering kan stuur.

SIMBOLE: is tekens wat iets voorstel. Elke politieke party het 'n simbool wat daardie party voorstel.

STEM: is die prosedure waarin lede van 'n samelewing deur 'n kruisie op 'n stuk papier te trek wys watter politieke party hulle wil hê moet die land regeer.

STEMBRIEF: is 'n papier met die name van al die politieke partye wat deelneem aan die verkiesing. Die kieser trek 'n kruisie in die spasie langs die party vir wie hy of sy stem.

STEMBUS: is 'n houer waarin kiesers hul gemerkte stembriewe plaas nadat hulle gestemhet.

STEMHOKKIE: is 'n afgeskorte ruimte wat die kieser alleen binnegaan om sy of haar stembrief te merk.

STEMLOKAAL : is 'n plek waarheen mense op stemdag gaan om te stem. Skole, gemeenskapsale, kerke en tente kan as stemlokale gebruik word.

VERDRAAGSAAMHEID: is wanneer 'n mens ander mense die reg toelaat om die party van hul keuse te steun.

VERKIESING : is 'n proses wat die burgers van 'n land toelaat om te stem vir die party wat hulle wil hê die regering moet word.

VERKIESINGSBEAMPTES : is mense wat op stemdag in stemlokale werk.

VROUE-MANIFES: is 'n dokument wat die eise van alle vroue in Suid-Afrika lys.



# Matla Trust

Matla Trust is 'n ontwikkelings- en opvoedkundige trust wat in April 1991 gestig is. Die hoofdoel is om voorsiening te maak vir die opheffing van Suid-Afrika se mense wat deur apartheid veronreg is.
Die Trust se grootste projek is die Program vir die Opleiding van Gemeenskappe en Burgers (Community and Citizen Education Programme), wat opleiding in die demokrasie en verkiesings verskaf. Die Trust bied Opleidingsprogramme landwyd aan om kiesers in te lig. Dit produseer ook 'n wye reeks materiaal vir kiesersopleiding, soos hierdie strokiesprent-boek. Die materiaal sluit video's, boekies, radio- en TV-programme, koerante, kassetbande en toneelstukke in.

Die Matla Trust word bestuur deur 'n raad van Trustees wat bestaan uit 14 vooraanstaande Suid-Afrikaaners met 'n geskiedenis van stryd teen apartheid. Die hoofkantoor is in Johannesburg en daar is agt streekkantore regdeur die land.

**Matla Trust Hoofkantoor**
3e Verdieping, Munich-Re Centre, Sauerstraat 54, Johannesburg
Posbus 7748, Johannesburg, 2000.
Tel: (011) 836-8061 Faks: (011) 838-1910

**PWV Streek**
Kantoor 23 Ekaya House,
Ncube Drive, Dube, Soweto
Tel: (011) 982-2167 Faks: (011) 982-1074

**Oos-Transvaal Streek**
1e Verdieping, Sabre House
Besterstraat 57, Nelspruit
Tel: (01311) 25-838

**Wes-Transvaal Streek**
304/305 Vaneli-gebou
Kerk- en Boomstraat, Klerksdorp
Tel: (018) 462-1297 Faks: (018) 462-2199

**Wes-Kaap Streek**
403/404 Commerce House
57 Kortmarkstraat, Kaapstad
Tel: (021) 242-305 Faks: (021) 242-332

**Natal Streek**
Computer House
Glenhuisieweg 5, Pinetown
Tel: (013) 726-306 Faks: (031) 726-878

**Noord-Natal Streek**
225 Nedbank Centre
Harding Newcastle
Tel: (03431) 91-237

**Oos-Kaap Streek**
5-13 CNA-gebou
Oxford- & Unionstraat Oos-Londen
Tel: (0431) 430-866 Faks: (0431) 430-910

**Oranje-Vrystaat Streek**
Library House, Wes Burgerstraat 44
Bloemfontein
Tel: (051) 482-483 Faks: (051) 482-485

# independent forum for electoral educaXion

Die Independent Forum for Electoral Education (IFEE) is 'n liggaam saamgestel uit onafhanklike organisasies wat saamwerk om kiesers op te lei. IFEE is gestig om te verseker dat alle burgers van Suid-Afrika kan deelneem aan 'n vry en regverdige verkiesing om demokrasie in ons land te skep en vol te hou. Hierdie organisasies is nie partydig nie. Hulle is nie verbonde aan enige politieke organisasie nie.

**IFEE Koördinerende Kantoor**
Honeystraat 39, Berea, Johannesburg
Posbus 32804, Braamfontein, 2017
Tel: (011) 484-2984 Faks: (011) 484-2610

**IFEE Media-Kommissie**
Munich Re-Centre, Sauerstraat 54, Johannesburg
Posbus 7748, Johannesburg, 2000
Tel: (011) 836-8601 Faks: (011) 838-1910

**IFEE Lede-organisasies**

African Independent Churches ◆ African Spiritual Church Association ◆ Barometer Regional Research and Reporting Corporation ◆ Black Sash ◆ Centre for Contextual Hermeneutics, Stellenbosch University ◆ Consultative Business Movement Christian Citizenship Department of the Methodist Church of SA ◆ Centre for Development Studies ◆ Catholic Institute for Education ◆ Church of the Province of SA Justice and Peace ◆ Diakonia ◆ Ecumenical Confessing Fellowship ◆ Free Market Foundation ◆ Foundation for Democratic Advancement ◆ Human Awareness Programme ◆ Human Sciences Research Council ◆ Institute for Contextual Theology Institute for a Democratic Alternative for SA ◆ Independent Mediation Service of SA Joint Enrichment Programme ◆ Lawyers for Human Rights ◆ Learn and Teach Matla Trust ◆ Institute for Multi-Party Democracy ◆ National Land Committee National Youth Development Co-ordinating Committee ◆ SA Catholic Bishops Conference ◆ SA Council of Churches ◆ Theological Exchange Programme ◆ The Storyteller Group ◆ Wilgespruit Fellowship ◆ Young Christian Students ◆ Young Women's Christian Association.



## Matla Trust
IS JY GEREED OM TE STEM?

Matla Trust bied 'n toneelstuk aan oor demokrasie en hoe om te stem. Die toneelstuk het sestien spelers, is 'n uur lank en kan in gemeenskapsale, kerke, skole, werkplekke en ander lokale opgevoer word. 'n Video van die toneelstuk is ook beskikbaar.
Vir meer inligting kontak:
Tel : (011) 836-8601
Faks : (011) 838-1910

## SOUTHERN AFRICAN CATHOLIC BISHOPS' CONFERENCE

'n Pastorale Brief getitel **Towards a Democratic Future**, wat die kwessies van kiesersopleiding en demokrasie behandel.

Beskikbaar teen 20c van SACBC:
Visagiestraat 140
Pretoria
0001.
Tel : (012) 323-6458
Faks : (012) 326-6218

## THE BLACK SASH

* You And The Vote - 'n boekie oor hoe om te stem. Beskikbaar in Sotho, Pedi, Tsonga, Zoeloe, Xhosa, Tswana, Engels & Afrikaans.
* Werkwinkels oor die verkiesing vir mense wat nog nooit gestem het nie.
* Werkwinkels vir opleiers wat werkwinkels wil aanbied vir mense wat nog nooit gestem het nie.

Vir inligting kontak:
Tel : (011) 834-8372
Faks : (011) 492-1177

## Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

Die Opleiding vir Demokrasie-Program werk om kerke te betrek by die veldtog om Suid-Afrikaanse kiesers op te lei om deel te neem aan die land se eerste demokratiese verkiesing.
Kontak: SARK:
Posbus 4921
Marshallstraat 62
Johannesburg
Tel : (011) 492-1380
Faks : (011) 492-1448/9

## Centre for Development Studies
PROJEK STEM

CDS bied kiesersopleiding-programme aan gegrond op die beginsels van volwasse onderwys. Die programme bestaan uit:
* Opleiding-werkwinkels
* Voorsiening van Kiesersopleiding-pakkette, met video's, handboeke, oefen-stemhokkies, stembusse en stembriewe.

Vir meer inligting kontak:
Tel: (021) 453-207
Faks: (021) 453-492

## INSTITUTE FOR MULTI-PARTY DEMOCRACY

MPD is 'n nie-partydige organisasie wat daarna strewe om politieke verdraagsaamheid en nasionale versoening in Suid-Afrika te bevorder. MPD bied 'n **Demokrasie Media-program**, 'n **Kiesersopleiding-program** en 'n reeks publikasies aan.
Kontak :
Natal : (031) 304-3863
Transvaal : (011) 339-6412
Wes-Kaap : (021) 251-120

## Institute for Contextual Theology

[illegible]ed 'n kiesersopleiding-publikasie
**The Road To Democracy**
[illegible]mocratic Elections in South Africa

Beskikbaar teen R2 van:
Posbus 32047
Braamfontein
2017.
Tel : (011) 339-2513
Faks : (011) 339-3704

[illegible]MSSA se Verkiesing- en Stem Projekbied Kiesersopleiding aan gegrond en ervaring van die bestuur van verkiesings en stemming sedert 1986 - waarby ingesluit is kiesersopleiding vir geletterde, half geletterde en ongeletterde kiesers.

ONS LEI OPLEIERS OP OM KIESERS OP TE LEI OM TE KAN STEM
Kontak: 482-2390

## IDASA

JY KAN STEM
Kiesersopleiding-materiaal vir opleiers:
* 10 groot, volkleur-plakkate
* Opleiershandboek in Engels

Die materiaal bevat noodsaaklike inligting oor hoe om te stem, en is ontwerp om in klein werkwinkels gebruik te word, veral in plattelandse gemeenskappe.
Kontak :
Honeystraat 39, Berea, 2198.
Tel : (011) 484-3694
Faks : (011) 484 2610

## LAWYERS for HUMAN RIGHTS

LHR het 14 streektakke regdeur Suid-Afrika in sowel plattelandse as stedelike gemeenskappe. Programme word aangebied oor sowel menseregte-opleiding as kiesersopleiding.
Vir meer inligting kontak:
730 Van Erkom-gebou
Pretoriusstraat 217
Pretoria 0002
Tel : (012) 212-135
Faks : (012) 325-6318

## Young Women's Christian Association

Betrokkenheid by kiesersopleiding geskied deur vroueregte voor te staan en ontwikkelingsprogramme.
Vir meer inligting kontak:
YWCA
420 Khotso House
Marshallstraat 62
Johannesburg 2001.
Tel: (011) 838-1077/8
Faks : (011) 833-1987

## REGIONAL RESEARCH & REPORTING CORPORATION

Die BAROMETER-PAMFLETTE handel breedweg oor opleiding vir demokrasie, kiesersopleding inkluis.

Kontak:
Posbus 13060
Clubview, 0014.
Tel : (012) 643-347
Faks : (012) 643-347